Of relevance to local authorities are the regulations under Sections 30 and 31 of the NHRA, which HWC is finalising. These regulations govern the public consultation process required for the establishment of heritage registers and heritage areas. The establishment of these registers and areas will create certainty about which resources and areas are formally protected, allowing the lifting of general protections under the NHRA in these areas. HWC continues to strengthen its cooperative relationship with the South African Heritage Resources Agency (SAHRA) through a Memorandum of Understanding (MOU) concerning the management of sites of national significance in the Western Cape and other matters of shared interest. During its strategic planning session, HWC identified the following as its key priorities:

-
- building an efficient heritage resources management system that enables stakeholders and communities to have confidence in the work of HWC. This includes integrating with the South African Heritage Resources Information System.
 - the declaration of significant heritage resources as provincial heritage sites to reflect the diversity of the province and the heritage of communities that were neglected in the past.
 - reaffirming the relationship with municipalities and conservation bodies to ensure compliance with the NHRA, with conditions set in permits and other records of decisions.
 - Continuing working with local municipalities to take on the management of Grade III heritage resources to better streamline heritage approvals processes as part of service delivery improvements.
 - Undertaking outreach programmes to communities to highlight the positive and stabilizing effects that heritage can have in resolving social ills, creating social inclusion, and building active citizenship; and
 - Improving the understanding of the value of heritage resources using explanatory signage.

HWC's macro structure is as follows:



Part C: Measuring Our Performance

11. Institutional Performance Information

11.1 Measuring the Impact

Impact statement	Conserve and promote heritage resources to build a sense of social inclusivity and contribute to economic growth
-------------------------	--

11.2 Measuring Outcomes

Outcome	Outcome Indicator	Baseline	APP 25-26 indicator numbers linked to this outcome indicator	Five-year target
Integrated management of heritage resources in the Western Cape.	Number of provincial interventions to protect heritage resources in terms of the NHRA	47	1.2 Number of site inspections undertaken to provincial heritage sites 1.3 Number of Council meetings hosted in support of the implementation of the policy and governance mandate of HWC 1.6 Number of public calls for the identification of provincial heritage sites	79

Outcome	Outcome Indicator	Baseline	APP 25-26 indicator numbers linked to this outcome indicator	Five-year target
	Number of initiatives to promote the management of heritage resources in the Western Cape	20	Insert the indicator titles 1.4 Number of provincial heritage site events for the promotion of heritage resources 1.5 Number of programmes hosted to promote heritage resources management	25

11.3 Explanation of Planned Performance over the Five-Year Planning Period

The Provincial Strategic Portfolios (PSP) is a set of overarching strategic objectives for the Western Cape Government, setting out clear outcomes to be achieved during the medium-term period. These objectives reflect the priorities of the Western Cape Government and are used to drive integrated and improved performance across the public sector in the Western Cape.

The following presents context on achievement of the strategic outcomes of HWC over the five-year period:

a. Contribution of the outcomes towards the Medium-Term Development Plan (MTDP).

Heritage Western Cape’s strategic outcome contributes to the Western Cape Medium Term Development Plan through its planned interventions and initiatives over this period. Through HWC enables the identification, conservation, promotion and management of heritage for people in safe, well-planned, and accessible spaces where the work of HWC aligns with local municipalities on Spatial Development Plans (SDPs) and town planning matters, wherein social cohesion and cultural identity finds expression. Such integration in the intended planning may include safeguarding heritage sites, providing initiatives that foster intellectual and cultural engagement on the integrated management of tangible and intangible heritage resources, providing promotional and educational opportunities on heritage, creating potential for tourism linkages for local enterprise growth, contributing to appropriate and sustainable development and strengthening areas of stakeholder collaboration, innovation and strong governance. The preservation of cultural assets also enhances environmental sustainability, as many heritage sites align with responsible land and water management practices. Additionally, HWC’s commitment to inclusive and evidence-based decision-making strengthens governance, streamlines regulatory processes, and fosters people-centered service delivery, ensuring that communities actively participate in the conservation and management of their cultural resources.

These efforts collectively support economic growth, social well-being, and environmental resilience, aligning HWC's outcomes with the province's long-term development goals.

b. Rationale for the choice of outcome indicators relevant to the respective outcome

Heritage Western Cape's Outcomes is aligned to its legislative mandate in terms of the National Heritage Resources Act No. 25 of 1999

c. Explanation of enablers to achieve the five-year targets

Support from the DCAS through its annual transfer payments and administrative support to HWC.

An increase in the uptake of fees for the rendering of administrative services in the processing of applications to HWC, to prevent a reduction of funds to ensure continued service delivery.

Cooperation with other spheres of government, civil society, and the private sector to enhance service delivery.

A review of the structure of support to HWC in terms of staffing is required to investigate the best model to not only employ staff as appointed through the DCAS, but also to retain qualified and experienced staff for the longer term as staff retention has been a significant challenge due to competitive market related salaries with heritage authorities at national and local municipalities.

Further HWC, has prepared a service delivery improvement roadmap as an internal mechanism to track its progress across its operations over the next five years.

d. Explanation of the outcomes' contribution to the achievement of the impact

The Outcomes contribute to the conservation and promotion of heritage resources that build a sense of social inclusivity and contribute to economic growth.

12. Key risks

Outcome	Key Risk	Risk Mitigation
Integrated management of heritage resources in the Western Cape.	Loss of heritage resources through unauthorised alteration/ destruction or vandalism	Generic guidelines for training of HWC officers.
		Awareness programmes with stakeholders
	Appoint and train heritage inspectors	
	Council/Committees take decisions that could be ultra vires	Appoint additional expertise to the HOMs meetings.
Legal advisory team attends committee meetings to guide decision making within legal parameters.		

Part D: Technical Indicator Descriptions (TID)

Indicator title	Number of provincial interventions to protect heritage resources in terms of the NHRA
Definition	This indicator tracks the total number of provincial interventions initiated by Heritage Western Cape to protect and manage heritage resources under the National Heritage Resources Act (NHRA). These interventions contribute to sustainable development, balancing economic growth and heritage conservation.
Purpose	To measure the effectiveness and extent of Heritage Western Cape's efforts in safeguarding heritage resources. The indicator aligns HWC's outputs with provincial pathways for heritage preservation, economic opportunities, and transformation of the heritage landscape in support of sustainable and appropriate development.
Key beneficiaries	The key beneficiaries may include local communities, cultural and heritage sectors, tourism-related businesses, construction and infrastructure sectors, and future generations who will inherit protected heritage assets.
Source of data	Data is sourced from Heritage Western Cape's records, including intervention logs, project reports, NHRA compliance documentation, and SAHRIS database entries.
Data limitations	Potential limitations include incomplete or delayed data entries, variations in data accuracy from external sources, and data inconsistencies across various municipalities.
Assumptions	Assumes accurate data reporting and that the interventions recorded are directly tied to heritage resource protection and are compliant with the NHRA.
Means of Verifications (POE)	Policies, guidelines, regulations, frameworks or plans, minutes of meetings, reporting documents and public notices.
Method of calculation/assessment	Not applicable
Disaggregation of beneficiaries	Not applicable
Spatial transformation	Not applicable
Reporting cycle	Not applicable
Desired performance	Higher performance is desired
Indicator responsibility	Chief Executive Officer

Indicator title	Number of initiatives to promote the integrated management of heritage resources in the Western Cape
Definition	This indicator measures the total number of initiatives aimed at promoting effective heritage resource management in the Western Cape. These initiatives connect HWC's outputs with broader pathways for community engagement, awareness-raising, and capacity building within the heritage sector.
Purpose	To assess Heritage Western Cape's efforts in raising awareness, fostering community participation, and promoting sustainable management of heritage resources. This supports provincial priorities of cultural preservation, economic growth, and social cohesion through heritage engagement.
Key beneficiaries	The primary beneficiaries include local communities, heritage organisations and conservation bodies, stakeholders within government departments, development sector, young people seeking opportunities in the heritage sector, and the general public with an interest in heritage conservation.
Source of data	Data is collected from event logs, community engagement records, workshop and training attendance lists, reports from public programmes activities, and HWC's internal records of heritage management initiatives.
Data limitations	Potential limitations include limited attendance records for public events, incomplete feedback from participants, and potential inconsistencies in data reporting from external partners involved in collaborative initiatives.
Assumptions	Assumes accurate and consistent data reporting from all events and initiatives. Also assumes that all reported initiatives directly contribute to the promotion and management of heritage resources within the Western Cape.
Means of Verifications (POE)	Programmes, invitations, attendance registers generated by HWC
Method of calculation/assessment	Not applicable
Disaggregation of beneficiaries	Not applicable
Spatial transformation	Not applicable
Reporting cycle	Not applicable
Desired performance	Higher performance is desired
Indicator responsibility	Chief Executive Officer



Wes-Kaapse
Regering



Heritage Western Cape
Erfenis Wes-Kaap
ILifa leMveli leNtshona Koloni

Kultuursake en Sport

Strategiese Plan

2025/26 – 2029/30

ERFENIS WES-KAAP

Strategiese Plan

2025/26 – 2029/30

—
Wes-Kaap

Datum van tertafellegging
27 Maart 2025

INHOUD

VERKLARING VAN UITVOERENDE GESAG	4
VERKLARING VAN REKENPLIGTIGE GESAG	5
AMPTELIKE AFTEKENING	7
AKRONIEME.....	8
DEEL A: ONS MANDAAT.....	9
1. Grondwetlike mandaat	10
2. Wetgewende en beleidsmandate.....	11
3. Beleidsmandate.....	13
4. Diensleweringverbeteringsplan.....	20
5. Bywerking van institusionele beleid en strategie.....	21
6. Tersaaklike hofbeslissings.....	22
DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS.....	25
7. Visie.....	26
8. Missie	26
9. Waardes.....	26
10. Situasië-ontleding.....	26
10.1 Eksterne omgewingsontleding	26
10.2. Interne omgewingsontleding.....	28
DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE	31
11. Institusionele Prestasie-inligting	32
11.1 Meting van die Impak.....	32
11.2. Meting van die Uitkomst.....	32
11.3. Verduideliking van beplande Prestasie oor die Vyfjaar-Bepanningstydperk.....	33
12. Sleutelrisiko's.....	34
DEEL D: TEGNIESE AANWYSERBESKRYWINGS.....	35

VERKLARING VAN UITVOERENDE GESAG

Hierdie 5-jaar plan verskaf 'n oorsig van Erfenis Wes-Kaap se visie en strategiese doelwitte om sy doelstellings te bereik, volgens die mandaat vervat in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Dit is verder ook 'n bewys van ons onwrikbare verbintenis tot die bewaring, beskerming en bevordering van die ryk en diverse erfenis van die Wes-Kaap.

Erfenisbewaring is van die opperste belang vir ons provinsie. Ons erfenishulpbronne, beide tasbaar en ontasbaar, is kosbare bates wat bydra tot ons kulturele identiteit en maatskaplike samehorigheid. Deur hierdie hulpbronne te bewaar eer ons nie net ons verlede nie maar skep ook 'n grondslag vir toekomstige geslagte om daaruit te leer en dit te waardeer. Hierdie Strategiese Plan beklemtoon ons verbintenis tot die bewaring van hierdie erfenishulpbronne deur volhoubare en inklusiewe bestuurspraktyke.

Die ontwikkeling van beleggersvertroue is een van die belangrikste strategiese prioriteite vir EWK. Ons besef dat 'n goedbestuurde erfenislandskap die aantreklikheid van ons provinsie vir beleggers en toeriste aansienlik verhoog. Deur te verseker dat ons erfenishulpbronne op doeltreffende en volhoubare wyse bestuur word mik ons daarna om 'n omgewing te skep wat ekonomiese groei en ontwikkeling bevorder. Dit sluit in die ondersteuning van gebalanseerde eiendomsontwikkeling in die Wes-Kaap wat die beskerming van ons erfenishulpbronne in ag neem. Ons doelwitte is belyn met die breër nasionale en provinsiale beleidsopdragte, insluitend die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 en die Provinsiale Strategiese Portefeuljes vir 2025-2030.

Ons is verbind daartoe om 'n robuuste erfenishulpbronbestuurstelsel te ontwikkel wat vertroue onder belanghebbendes en gemeenskappe aanwakker. Dit behels die vereenvoudiging en outomatisering van erfenisaansoekprosedures om doeltreffendheid te verhoog.

Deur erfenisbewaring te kombineer met verhoogde beleggersvertroue en ontwikkeling, verseker ons nie net die volhoubare bestuur van ons erfenishulpbronne nie, maar dryf sodoende ook ekonomiese opheffing aan. Hierdie geïntegreerde benadering sal 'n harmonieuse balans skep tussen die bewaring van ons kulturele en natuurlike erfenis en die bevordering van ekonomiese groei. Op die pad vorentoe, sal die positiewe wisselwerking tussen erfenisbewaring en ontwikkeling bydra tot werkskepping, volhoubare ontwikkeling en die algehele welvaart van die Wes-Kaap. Saam sal ons 'n toekoms bou waar ons erfenis gekoester word en ons ekonomie floreer, tot voordeel van al die gemeenskappe van ons provinsie.



RICARDO MACKENZIE, LPP
UITVOERENDE GESAG VAN ERFENIS WES-KAAP

VERKLARING VAN REKENPLIGTIGE GESAG

Erfenis Wes-Kaap is toegewyd aan die bewaring, beskerming en bevordering van die ryk en diverse erfenis van die Wes-Kaap. Hierdie plan dien as 'n strategiese padkaart wat 'n oorsig verskaf van Erfenis Wes-Kaap se doelstellings, prestasieteikens en inisiatiewe wat ingespan word om sy doelwitte oor die volgende vyf jaar te behaal.

Ons inisiatiewe is belyn met die breër nasionale en provinsiale beleidsvoorskrifte, insluitende die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 en die Provinsiale Strategiese Portefeuljes vir 2025-2030. Hierdie raamwerke verskaf die riglyne vir ons werk en verseker dat ons bydra tot die ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling van ons provinsie.

Oor die volgende vyf jaar sal EWK fokus op verskeie belangrike strategiese gebiede:

Eerstens beoog ons om die openbare begrip van erfenis te verbeter deur geteikende kommunikasiestrategieë. Deur openbare bewussyn van die belang en betekenis van erfenishulpbronne te verhoog, hoop ons om dieper waardering van en betrokkenheid by ons kulturele en natuurlike erfenis te kweek.

Tweedens, sal ons 'n doeltreffende en inklusiewe bestuurstelsel ontwikkel wat vertroue onder belanghebbendes, beleggers en gemeenskappe sal aanwakker. Dit sal die ontwikkeling van 'n robuuste erfenishulpbronbestuurstelsel behels wat doelmatige en volhoubare bestuur van ons erfenisbates sal verseker.

Derdens sal ons die verklaring van betekenisvolle erfenishulpbronne as Provinsiale Erfenisterreine aktief nastreef. Hierdie inisiatief het ten doel om die diversiteit van ons provinsie te weerspieël en te verseker dat ons erfenishulpbronne erkenning en beskerming op die hoogste vlak geniet.

Verder sal ons betrekkinge met plaaslike munisipaliteite en bewaringsliggame versterk. Deur samewerking met hierdie entiteite, beoog ons om voldoening aan die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne te verseker en om die volhoubare bestuur van erfenishulpbronne op plaaslike vlak te bevorder. Die bemagtiging van plaaslike owerhede is 'n kernbelangrike strategiese fokusgebied. Ons sal met plaaslike munisipaliteite saamwerk om hulle verantwoordelikheid te aanvaar vir die bestuur van Graad III plaaslike erfenishulpbronne. Dit sal erfenisbestuur desentraliseer en plaaslike eienaarskap van en verantwoordelikheid vir erfenishulpbronne bevorder.

Kapasiteitsbou deur opleiding en netwerking is 'n verdere prioriteit. Ons sal ons kapasiteit uitbrei deur geteikende opleiding van personeel en deur samewerking onder belanghebbendes te bevorder. So kan ons oor beter vermoëns beskik om erfenishulpbronne doeltreffend en volhoubaar te bestuur.

Ons is ook verbind tot die vereenvoudiging en outomatisering van erfenisaansoekprosesse ten einde doeltreffendheid te verhoog. Dit sal die algehele bestuur van erfenishulpbronne verbeter en tydige en doelmatige besluitneming verseker.

Laastens is ons verbind tot digitale transformasie in erfenisbestuur deur die implementering van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-Inligtingstelsel (SAEHIS). Hierdie inisiatief sal die bestuur en toeganklikheid van erfenisinligting verbeter en die volhoubare bestuur van erfenishulpbronne bevorder.

Hierdie strategiese inisiatiewe is daarop gemik om die ekonomiese en maatskaplike doelwitte van ons provinsie te ondersteun, by te dra tot werkskepping, volhoubare ontwikkeling en die bewaring van ons kulturele erfenis. Met die voortgesette ondersteuning van ons belanghebbendes sal ons die teikens wat in hierdie plan uiteengesit is behaal en beduidende vordering maak in erfenisbewaring en bevordering.



REYHANA GANI
VOORSITTER VAN RAAD
NAMENS DIE REKENPLIGTIGE GESAG

AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Strategiese Plan:

- Opgestel is deur die bestuur van Erfenis Wes-Kaap onder leiding van Minister Ricardo Mackenzie;
- Alle tersaaklike beleid, wetgewing en ander mandate waarvoor Erfenis Wes-Kaap verantwoordelik is in ag geneem het; en
- 'n Akkurate weerspieëling is van die impak, uitkomst en uitsette wat Erfenis Wes-Kaap sal nastreef gedurende die tydperk 2025-2030.

BRENDA RUTGERS

Hoof: Finansiële Beampte



Handtekening

MICHAEL JANSE VAN RENSBURG

Hoof: Uitvoerende Beampte



Handtekening

GUY REDMAN

Hoof: Kultuursake en Sport



Handtekening

REYHANA GANI

Raadsvoorsitter
Namens die Rekenpligtige Gesag



Handtekening

Goedgekeur deur:

RICARDO MACKENZIE

Uitvoerende Gesag



Handtekening

AKRONIEME

APM	Archaeology, Palaeontology and Meteorites Committee
BELCom	Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe
DCAS	Department of Cultural Affairs and Sport
DEADP	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
EBO	Erfenisbeskermingsoorleg
EWK	Erfenis Wes-Kaap
IAKom	Komitee vir Impakassessering
IKT	Inligtings- en Kommunikasiestegnologie
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
KAPM	Komitee vir Argeologie, Paleontologie en Meteoriete
LUR	Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad
MTUR	Mediumtermyn Uitgawe-raamwerk
MvV	Memorandum van Verstandhouding
PK	Provinsiale Kennisgewing
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronnagenstskap
SBP	Standaard Bedryfsprosedure
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VEBs	Vergadering van Erfenisbeampes
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur,1999

Deel A: Ons Mandaat

1. Grondwetlike mandaat

Erfenis Wes-Kaap ontleen sy mandaat uit die volgende artikels van die Grondwet:

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 24(b)(ii) Omgewing	Erfenis Wes-Kaap moet deur middel van wetgewende en ander maatreëls die bewaring van die erfenisomgewing van die Wes-Kaap reguleer en monitor.
Artikel 31: Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe	Erfenis Wes-Kaap moet verseker dat sy programme en projekte die kultuurdiversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap in ag neem.
Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interowerheids- betrekkinge	Erfenis Wes-Kaap werk saam met alle sferes van die regering. Ingevolge sy mandaat werk Erfenis Wes-Kaap nou saam met die Departement van Kultuursake en Sport, die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Schedule 4A: Funktionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	Erfenis vorm deel van “kultuursake”, wat konkurrente bevoegdhede is. Erfenis Wes-Kaap oefen dus sy mandaat uit in die konteks van beide nasionale en provinsiale wetgewende omgewings.
Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, Wet 1 van 1998	
Artikel 70	Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die vestiging en redelike befondsing, inaggenome die provinsiese beskikbare hulpbronne, van 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die Wes-Kaap wat 'n kulturele en taalerfenis deel.
Artikel 81	Erfenis Wes-Kaap moet beleid implementeer om die welstand van die mense van die Wes-Kaap aktief te bevorder en in stand te hou, insluitend beleid wat gemik is op die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Die beskerming en bewaring van die natuurlike historiese kulturele, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. • Erfenis Wes-Kaap moet spesifieke beleid implementeer om hierdie bepalings te rugsteun.

2. Wetgewende en beleidsmandate

Erfenis Wes-Kaap (EWK) is werksaam binne die wetgewende mandate waarop sy algehele funksionering gebaseer is:

- Om goeie bestuur op alle vlakke te bevorder.
- Om die burgerlike samelewing te bemagtig om erfenishulpbronne te koester en bewaar sodat dit aan toekomstige geslagte oorgedra kan word.
- Om algemene beginsels daar te stel vir erfenishulpbronbestuur regoor die Wes-Kaap; en
- Om 'n geïntegreerde stelsel te skep vir die identifikasie, assessering en bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne en die regulasies daaronder uitgevaardig.

Erfenis Wes-Kaap funksioneer binne die volgende wetgewende raamwerk:

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Om die Minister te adviseer oor die implementering van die Wet. Dit is ook die verantwoordelikheid van Erfenis Wes-Kaap om stelsels en prosedures in werking te stel om die voorskrifte van die Wet uit te voer.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	Erfenis Wes-Kaap, as 'n openbare entiteit, moet gesonde finansiële bestuurstelsels vestig ter voldoening aan die voorskrifte van die Wet.
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	Hierdie Wet gee gevolg aan die reg om toegang te hê tot rekords gehou deur staatsliggame, regeringsinstellings en privaat liggame. Erfenis Wes-Kaap en elke ander openbare liggaam moet, onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om aansoek te doen om toegang te verkry tot inligting wat deur daardie liggaam gehou word; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke vir toegang tot inligting wat deur daardie liggaam gehou word, te oorweeg.
Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000	Wet 3 van 2000	Hierdie Wet: <ul style="list-style-type: none"> • Bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg in hulle besluitneming. • Vereis van administrateurs om mense in te lig oor hulle reg tot hersiening of appèl en hulle reg om redes aan te vra. • Vereis van administrateurs om redes vir hulle besluite te gee; en • Verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in die hof te beveg.

Nasionale Wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	<p>Hierdie Wet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bepaal die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg in hulle besluitneming. • Vereis van administrateurs om mense in te lig oor hulle reg tot hersiening of appèl en hulle reg om redes aan te vra. • Vereis van administrateurs om redes vir hulle besluite te gee; en • Verleen aan lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in die hof te beveg.
Wes-Kaapse Erfenis-hulpbronbestuurs-regulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	Hierdie regulasies, uitgevaardig deur die LUR verantwoordelik vir Kuns en Kultuur, is die grondleggingsdokument van Erfenis Wes-Kaap, waaraan sy wesenlike mandaat in die provinsie ontleen word en waarin verskeie prosedures uiteengesit word.
Wes-Kaapse Erfenis-hulpbronbestuurs-regulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	Hierdie regulasies bepaal die prosedure vir die indiening van verskeie aansoeke aan Erfenis Wes-Kaap. (Die regulasies op hierdie datum uitgevaardig is die Engelse weergawe.)
Wes-Kaapse Erfenis-hulpbronbestuurs-regulasies, 2003	PK 212 van 10 November 2004	Hierdie regulasies bepaal die prosedure vir die indiening van verskeie aansoeke aan Erfenis Wes-Kaap. (Die regulasies op hierdie datum uitgevaardig is die Afrikaanse en Xhosa weergawes.)
Regulasies (Erfenis Wes-Kaap) ten opsigte van die proses vir publikasie van verklarings van algemene beleid en bewaringsbestuursplanne, 2015	PK 7497/2015 September 2015	Hierdie regulasies uitgevaardig deur die Raad van Erfenis Wes-Kaap bepaal die prosedure wat vereis word vir die publikasie en aanvaarding van Verklarings van Algemene Beleid en Bewaringsbestuursplanne.

3. Beleidsmandate

3.1 NASIONALE BELEIDSKONTEKS

Oorsig van die MTOP 2024-2029


Die Medium-Termyn Ontwikkelingsplan (MTOP) 2024-2029, dien as die vyf-jaar strategiese plan vir Suid-Afrika se 7de Administrasie onder die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) wat tot stand gekom het na die algemene verkiesing van 29 Mei 2024. Dit dien as die implementasieraamwerk vir die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030: dit is in ooreenstemming met die doelwitte daarvan terwyl dit ook die ontwikkelingsuitkomstes en ekonomiese groei bekemtoon.

Die MTOP vervang die Medium-Termyn Strategiese Raamwerk (MTSR) en is ontwerp om te fokus op minder, hoë-impak intervensies om meetbare groei te dryf. Dit is deur die Kabinet Lekgotla goedgekeur op 29 Januarie 2025 en is gestruktureer rondom drie strategiese kernprioriteite:

1. Inklusiewe groei en werkskepping (Hoogste prioriteit) – die aandryf van ekonomiese intervensies oor alle sferes van regering.
2. Vermindering van armoede en bestryding van hoë lewenskoste – om maatskaplike beskerming en ekonomiese insluiting te verseker.
3. Die bou van 'n bekwame, etiese ontwikkelingsstaat – die verbetering van regeringsbestuur, wet en orde en bemagtiging van infrastruktuur.

Die WKR belyn sy strategieë met die MTOP se prioriteite maar hou ook sy eie provinsiale mandate in stand deur die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en die Provinsiale Strategiese Implementasieplan (PSIP).

- **Ekonomiese Groei en Werkskepping:** WKR sal bydra deur provinsiale ekonomiese beleid, die aanlok van beleggings, vaardigheidsontwikkeling en infrastruktuurprojekte wat die nasionale fokus op inklusiewe groei ondersteun.
- **Armoedeverligting en Maatskaplike Intervensies:** WKR se maatskaplike ontwikkelingsprogramme, gesondheidsinisiatiewe en onderwysvormings sal strook met die nasionale klem op vermindering van die lewenskoste.
- **Die Bou van 'n Bekwame Staat:** Die WKR se bestuursinnovering, diensleweringdoeltreffendheid en regulatoriese raamwerke sal die nasional doelwit van verstewiging van institusionele kapasiteit en etiese leierskap ondersteun.



Erfenis Wes-Kaap se bydrae tot die uitvoering van die drie Nasionale prioriteite is soos volg:

MTOP Prioriteit	Erfenis Wes-Kaap se bydrae
<p>Priority 1:</p> <p>Inclusive growth and job creation</p>	<p>HWC is a key contributor to the development application approval process in the Western Cape province, which requires heritage approvals in terms of the National Heritage Resources Act, No. 25 of 1999 (NHRA). HWC has been an established Provincial Heritage Resources Authority (PHRA) since 2003 and has developed efficient regulatory and operational processes to manage development applications. These applications are linked to the building industry and economic opportunities, such as job creation. As an approval authority mandated by the NHRA, HWC plays an important role in supporting ongoing economic opportunities by ensuring appropriate development that balances job creation in the building sector with the protection of significant heritage resources. This approach also supports job creation in the tourism sector, where heritage resources are preserved and promoted in a sustainable manner. Additionally, HWC contributes to infrastructure and settlement development, such as the conservation of significant passes and scenic routes, which improve access to local and rural communities.</p>
<p>Priority 2:</p> <p>Reduce poverty and tackle the high cost of living</p>	<p>Part of HWC's mandate is not only to identify, protect, and conserve significant heritage resources but also to promote such resources. Programmes aimed at promoting heritage resource management provide an opportunity to share knowledge while also creating spaces for communities to share their own knowledge, enhancing the management of significant heritage resources in local areas. This can be achieved through programmes, workshops, and events designed to train and equip stakeholders to better understand the significance of heritage resources and how these can be leveraged in sectors such as tourism, education, and economic development. While HWC's role indirectly influences socio-economic matters such as reducing poverty, it's work opens up other opportunities to think and plan innovatively around economic opportunities.</p>
<p>Priority 3:</p> <p>A capable, ethical and developmental state</p>	<p>Heritage contributes to these priorities through the implementation of regulations, policies, and standard operating procedures that support best practices in heritage resource management across the province. This approach highlights HWC's commitment to preserving the diverse heritage of the Western Cape and showcases its efficiency and effectiveness. These efforts are supported by the work of its Council Committees and officials from the Department of Cultural Affairs and Sport (DCAS), who adopt best practices through tools like Lean Management and its service delivery improvement roadmap.</p>

Verdere oorweging van globale en kontinentale beleid sluit in die Verenigde Nasies Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte en die Afrika Agenda 2063, wat hieronder bespreek word.

Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte:

Die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte bestaan uit 17 nie-bindende globale doelwitte wat ooreenstem met die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Provinsiale Strategiese Plan. Dit word in ag geneem in die strategiese oorwegings van EWK. Erfenis Wes-Kaap se werk kan gekoppel word aan VOD'e 4 en 11 as volg:

- VOD 4: EWK speel 'n rol in die bevordering van kennis, begrip en waardering vir die belang van belangrike erfenishulpbronne in die provinsie en hoe hierdie bronne bestuur moet word. Geleenthede vir die deel van kennis tussen EWK en gemeenskappe lei tot groter begrip vir die regulatoriese prosesse van EWK se mandaat asook beter-ingeligte burgergerigte besluitneming.
- VOD 11: EWK sluit aan by hierdie doelwit, gegewe sy werk om volhoubare ontwikkeling en groei van stede en landelike gemeenskappe te verseker, insluitend die identifikasie, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van die provinsie se diverse erfenishulpbronne.



Afrika Agenda 2063:

Die Afrika Agenda 2063 is 'n kontinentale strategiese raamwerk vir die transformasie van die kontinent se ekonomieë deur volhoubare, onafhanklike en langtermyn-groei. Die doelwitte van die Agenda fokus op, onder andere, kwessies soos die ekonomie en werksgeleenthede, verbetering van lewenskwaliteit, armoedeverligting, opvoeding, voorsiening in basiese behoeftes en leefbare ruimtes, omgewingsvolhoubaarheid, die bou van bekwame staatsinstellings en leierskap. Die wetgewende mandaat van EWK vind aanklank in die prioriteit "Kultuurerfenis, Skeppende Kuns en Sake" as een van die Sleutelprioriteitsgebiede van die Afrika Agenda 2063. In die werk van EWK is daar skakeling vanaf provinsiale en nasionale vlak regoor sleutelgebiede van Kultuur en Erfenis in die Afrika Agenda 2063 en die VN se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte. Dit word weerspieël in die bouaansoekprosesse van artikel 34, tot die ontwikkelingsaansoeke wat skakeling het met die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998, en aansoekprosesse wat skakeling het met die Wet op Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, Wet 28 van 2002. EWK se programme


vir opvoeding ten opsigte van die belang van diverse erfenishulpbronne en die bestuur daarvan, vind aansluiting by besprekings oor volhoubare praktyke en inheemse gebruike en tradisies van belangrike erfenishulpbronne om 'n sin van inklusiwiteit vir almal in die provinsie te skep.

3.2 PROVINSIALE BELEIDSKONTEKS

Provinsiale Strategiese Plan 2025-2030

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2025-2030 bevat 'n uiteensetting van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se strategiese prioriteite en doelwitte vir die volgende vyf jaar. Dit verskaf oorkoepelende rigtingaanwysers vir die regering se aksieplanne en fokus op mens-gegerigte uitkomst wat betekenisvolle verandering vir inwoners bevorder.

Oorsig van Provinsiale Strategiese Plan 2025-2030







Provinsiale Portefeuljes

Die implementasie van die PSP word gedryf deur vier Provinsiale portefeuljes. Die portefeuljes is groeperings van Departemente wat strategiese leiding verskaf en werksaamhede koördineer om programme te implementeer wat belyn is met die Wes-Kaapse Regering se vernaamste prioriteite. Hierdie prioriteite strek oor ekonomiese-, veiligheids-, maatskaplike- en institusionele beleidsgebiede.

Die portefeuljes monitor en bestuur hoë-prioriteit projekte en programme wat 'n samehangende en gekoördineerde benadering tot die bereiking van gedeelde uitkomst verseker. Elke Departement dra

by tot een of meer portefeulje deur geteikende intervensies te implementeer wat die beoogde impak van daardie portefeulje ondersteun.

Die vier strategiese portefeuljes is:

 Growth for Jobs	The Western Cape achieves breakout economic growth generating confidence, hope, and opportunities to thrive.
 Educated, Healthy, and Caring Society	Every person has access to the opportunity to live a healthy, meaningful, and dignified life in an inclusive society
 Safety	The Western Cape is a resilient and safe society.
 Innovation, Culture, and Governance (ICG)	The WCG is a people-centred institution that innovatively, efficiently, and collaboratively mobilises resources for service delivery

Geïntegreerde Impakgebiede

Om die doeltreffendheid van regeringsintervensies te verhoog, volg die PSP 'n lewensloop- en stelselbenadering. Dit beteken dat beleid en programme die behoeftes en verantwoordelikhede van inwoners vanaf die kinderjare tot bejaardheid in ag neem, en verseker dat regeringsdienste dienooreenkomstig gestruktureer word.

Die PSP bevorder 'n geïntegreerde benadering waarvolgens Departemente en entiteite saamwerk ten einde die geïntegreerde impak te behaal wat uiteengesit is vir elkeen van die vier gebiede van die lewensloop.

Hierdie geïntegreerde gebiede is:

Huishoudings en Menslike Ontwikkeling	Skep van veilige, gesonde omgewings wat lewenslange ontwikkeling en selfvoorsienigheid bevorder.
Samehorige Gemeenskappe	Verstewiging van maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou
Jeugagentskap en Paraatheid	Bemagtiging van jong mense sodat hulle die vaardighede en geleenthede het om deel te neem aan die samelewing, toegang te kry tot ekonomiese geleenthede, en aan te hou leer.
Ekonomiese en Groeigeleenthede	Uitbreiding van ekonomiese geleenthede en bevordering van vertroue, hoop en welvarendheid.

Hierbenewens is daar twee transversale gebiede wat breër strukturele en omgewingsfaktore hanteer wat dienslewering beïnvloed en mense dwardeur hulle lewensloop bemagtig:

Hulpbronveerkragtigheid	Skep van veilige, gesonde omgewings wat lewenslange leer en selfvoorsienigheid bevorder.
Ruimtelike Transformasie, Infrastruktuur en Mobiliteit	Verstewiging van maatskaplike bande om veilige, sorgsame en veerkragtige gemeenskappe te bou.

Departement se Belyning met PSP Fokusgebiede

Die PSP sit kernfokusgebiede uiteen wat belyn met sy Portefeuljies en Geïntegreerde Impakgebiede. Elke Departement belyn sy Strategiese Plan met hierdie fokusgebiede om 'n gekoördineerde benadering te verseker sodat provinsiale prioriteite behaal kan word.

Kernfokusgebiede vir EWK sluit in:

 Growth for Jobs	 Educated, Healthy & Caring Society	 Innovation, Culture, & Governance
Access to Employability and Economic Opportunities Stimulating Market Growth through Exports and Domestic Markets Technology and Innovation Infrastructure and the Connected Economy	Increased Youth Resilience, Civic, Educational and Economic Participation	Innovation Integration and Collaboration Culture and People-Centred Delivery Futures Thinking and Evidence Informed Decision-Making Ease at Doing Government

Deur bogenoemde fokusgebiede dra Erfenis Wes-Kaap by tot geïntegreerde impak in Jeugagentskap en Paraatheid, Ekonomiese en Groeigeleenthede, Hulpbronveerkragtigheid, en Ruimtelike Transformasie, Infrastruktuur en Mobiliteit.

Erfenis Wes-Kaap se bydrae tot die algehele PSP portefeulje is as volg:

Groei-vir-Werk

EWK dra by tot die Provinsiale Strategiese Plan van Groei-vir-Werk Strategie deur 'n omgewing aan te moedig wat ekonomiese ontwikkeling balanseer met die bewaring van erfenishulpbronne. Met wetgewende mandate soos die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne waarbinne dit werkzaam is, fasiliteer EWK ontwikkelingsgoedkeuring wat skakel met werkskepping in sektore soos konstruksie, toerisme en infrastruktuur, en dra by tot die Integrasiegebied van Ekonomiese en Groeigeleenthede (Hoëvlak-uitkoms18: Tegnologie en Innovasie). Deur sy regulatoriese en bedryfs ondersteuningsprosesse verseker EWK dat ontwikkelingsprojekte voldoen aan erfenisbewaringsbeginsels, om sodoende kulturele bates in stand te hou wat toerisme lok en plaaslike ekonomieë stimuleer. EWK se mandaat vind ook weerklank in die Transversale Fokusgebied van Infrastruktuur, Mobiliteit en Ruimtelike Transformasie.

Opgevoede, Gesonde en Sorgsame Samelewing


Erfenis Wes-Kaap dra by tot die Provinsiale Strategiese Portefeulje van opgeleide, Gesonde en Sorgsame Samelewing, veral in die integrasiegebied van Jeugagentskap en Paraatheid (Hoëvlak-uitkoms 17: Jong mense het toegang tot die nodige vaardighede, vermoëns en agentskap om te werk en om ekonomiese geleenthede aan te gryp). EWK bewerkstellig dit by wyse van programme en werksinkels wat gemeenskappe bemagtig om by hulle erfenis betrokke te raak, sosiale samehorigheid te verstewig en deur leer en ekonomiese geleenthede moontlik te maak deur die bevordering van erfenishulpbronbestuur. Deur sy werksaamhede met die Nasionale Ontwikkelingsplan en Afrika Agenda 2063 te belyn, gebruik EWK erfenisbewaring as 'n vername bydraer tot volhoubaarheid, die skep van leergeleenthede en oopstel van moontlikheid vir studie- en werkseleenthede in die erfenis-sektor.

Innovasie, Kultuur en Bestuur

Erfenis Wes-Kaap dra by tot die Provinsiale Strategiese Portefeulje van Innovasie, Kultuur en Bestuur, 'n dwarsnydende transversale integrasiegebied wat betref dienslewering oor prioriteitsgebiede heen. Dit word moontlik gemaak deur programme wat deur 'n dienslewering-verbeteringspadkaart gefasiliteer word. Hoëvlak-uitkomst wat betref Innovasie, Integrasie en Samewerking, Toekomsdenke, Bewysgebaseerde Besluitneming, Mensgerigte Dienslewering en Gemak van Sake Doen sluit aan by EWK se werksaamhede. Dit behels onder andere die uitbreiding van Opleiding in Soepel Bestuur, integrasie van die nasionale erfenishulpbronbestuur-databasis – die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-Inligtingstelsel (SAEHIS) – en voortgesette leer en professionele opleiding wat ondersteun word in die jaarverslagbeplanning vir die pad vorentoe.

4. Diensleweringverbeteringsplan

Erfenis Wes-Kaap se Padkaart vir Diensleweringverbetering neem die ekonomiese vooruitsig en maatskaplike oorwegings wat gemeenskaplike affekteer in ag, soos vervat in die Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig. EWK streef daarna om dienste te lewer met 'n kernfokus op die verbetering van sy kapasiteit, bevordering van erfenis en verstewiging van doeltreffendhede. Hierdie benadering is daarop gemik om sy dienste beter te gebruik om by te dra tot geleenthede vir positiewe maatskaplike en ekonomiese groei in die provinsie. Die Padkaart vir Diensleweringverbetering is 'n dinamiese plan ontwerp om voortgesette leer te fasiliteer deur bewysgebaseerde metodologieë en stapsgewyse verbeterings aan dienslewering. Die uiteindelige doel is om optimisme en 'n gevoel van selfwaarde onder inwoners aan te moedig en om 'n positiewe sosio-ekonomiese vooruitsig in die provinsie te rugsteun.



Wes-Kaapse Klimaatsverandering Reaksiestrategie 2014 (Hersien 2022)

Erfenis Wes-Kaap neem kennis van die Wes-Kaapse Klimaatsverandering Reaksiestrategie 2014 en die impak van klimaatsverandering in die provinsie, waarvan die vernietigende natuurrampe en die behoefte aan verbeterde bestuur vir natuurlike en kultuurhulpbronne getuig. Hierdie gebeurtenisse

beklemtoon die toenemende bedreiging vir beduidende erfenisterreine. Alhoewel EWK nie direk verantwoordelik is vir die implementering van die Wes-Kaapse Klimaatsverandering Reaksiestrategie nie, het dit 'n mandaat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronbestuur om belangrike erfenishulpbronne binne die provinsie te identifiseer, beskerm, bewaar, bestuur en bevorder. Hierdie erfenishulpbronne kan bestaan uit argeologiese terreine, natuurverskynsels soos geologiese bakens, strukture en terreine van nie-tasbare betekenis binne natuurgebiede.'n Geïntegreerde bestuursbenadering word vereis, insluitend programme wat die belang van erfenishulpbronne, asook die feit dat hulle nie onuitputlik is nie, beklemtoon.

Meer dikwels gebeur dit dat erfenisterreine geleidelik agteruitgaan as gevolg van gebrekkige instandhouding, en strukture mag beskadig word as gevolg van storms en ander omgewingsfaktore. Dit is dikwels duur om sodanige skade te herstel, wat EWK se kritieke rol in die beskerming en bewaring van geaffekteerde erfenishulpbronne beklemtoon. Om hierdie uitdagings die hoof te help bied, werk EWK daaraan om groter bewussyn te kweek ten opsigte van die noodsaaklikheid daarvan om fisieke erfenishulpbronne, soos byvoorbeeld strukture, in stand te hou aangesien verwaarloosing oor tyd die verlies van onvervangbare bates kan meebring. Omgewingsveranderinge dra by tot die erosie en agteruitgang van verskeie erfenisterreine. Om hierdie probleme te hanteer het EWK terrein-inspeksies en die evaluering van provinsiale erfenisterreine ingesluit by sy jaarbeplanning. Dit maak voorsiening vir die assessering en bestuur van die toestand van erfenishulpbronne oraloor die provinsie. Hierdie proaktiewe benadering getuig van EWK se verbintenis tot die bewaring van die provinsie se kulturele erfenis in die aangesig van klimaatsverandering.

5. Bywerking van institusionele beleid en strategie

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleid	
Hersiene Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis (1996)	Die hersiene Witskrif is goedgekeur deur die kabinet in 2018 na 'n Sosio-ekonomiese Impakassessering uitgevoer is deur die Suid-Afrikaanse Kultuurobservatorium. Dit is 'n uiteensetting van beleidsdoelwitte gerugsteun deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis. Dit voorsien die soomlose integrasie van die NOP, die Maatskaplike Samehorigheids- en Nasieboustrategie wat die visie en strategiese doelwitte van die DKES binne die MTSR ingee.
Beleid van Erfenis Wes-Kaap	
Erfenis Wes-Kaap Bemaking- en Kommunikasie-strategie	EWK het 'n mandaat ingevolge die WNEH om erfenishulpbronne te bestuur. Deel van hierdie mandaat is die bevordering van sy werksaamhede en die belang van provinsiale erfenishulpbronne. 'n Bemakings- en kommunikasie-strategie is daarop gemik om 'n gefokusde en doeltreffende wyse te voorsien waarmee alle belanghebbendes in die provinsie bereik kan word vir betrokkenheid by erfenishulpbronbestuur.
Erfenis Wes-Kaap Transformasieraamwerk	Hierdie dokument se doelwit is om 'n duidelike visie en strategiese rigting vir EWK aan te dui ten einde oor 'n meer inklusiewe en getransformeerde erfenisbestuursbenadering te beskik.

6. Tersaaklike Hofbeslissings

Court Case	Reference	Impact on HWC
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape</i> [2007] SCA 170 (RSA)	Hoogste Hof van Appèl Saaknommer 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om voorwaardes vir ontwikkeling te stel ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof Saaknommer 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak gehad op die appèlprosesse van die tribunaal wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 1999, gelees in samehang met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ingevolge die beginsel van audi alteram partem.
<i>Willows Properties (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Sport</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof Saaknommer. 13521/08	Die applikant het 'n dringende aansoek in die Hooggeregshof geloods om die LUR te dwing om 'n besluit te maak of, alternatiewelik, om die Rekord van Besluit uit te reik ten opsigte van 'n appèl deur die LUR aanhangig gemaak ingevolge art 49 van die WNEH, 1999, saamgelees met regulasie 12(7) van PK 336 van 2003. Die uitwerking van hierdie beslissing op DKES is dat dit verplig word om te verseker dat tribunale betyds Rekords van Besluite uitreik. Regstellende maatreëls is geïmplementeer.
